Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

OPTELGOED

Musiek: Marie Trdoux
Teks: Nic Tredoux

My hart lê in 'n seepampoentjie
uitgespoel op die strand
my hartseer lê in 'n perlemoentjie
uitgewerp op die sand
maar ek weet jy gaan dit optel
ja, ek weet jy gaan dit optel

My hartstog lê in 'n mosselskulpie
uitgestoot bo die waterkant
my liefde lê in 'n seebamboesie
eenkant op die duin se rand
maar ek weet jy gaan dit optel
]a, ek weet jy gaan dit optel
ek weet jy gaan dit optel
optelgoed loop jy nie verby nie
druk jou skulpie teen jou oor
en luister dan na my

Ek speel virjou 'n hartseerdeuntjie
op my fluit van seebamboes
ek speel vir jou 'n hartseerdeuntjie
op my fluit van seebamboes
want my liefde kom daar diep diep
uit die hart van my seebamboes
want my liefde kom daar diep diep diep
uit die hart van my seebamboes